Ps. 118 : 2, 11.
Ps. 68 : 9
Ges. 17 : 1, 3, 6.

Geloof en Gejaag.

P. 27. 1. 57 — 57

Jesaja 28 : 1-21

Swak.

Jes. 28 : 16 b – Hy wat glo, sal nie haastig wees nie.

As ons die woorde in Jes. 28 lees, dan is dit half asof ons skrik as ons by hd. woorde, hd. sin kom v.d. teks, omdat ons gladnie verwag dat hulle hier staan nie – so skielik en onverwags. Lyk so asof hulle glad nie hier pas nie – geen verband met die res v.d. hoofstuk het nie.

En tog is dit nie so nie. ~~Want~~ Jesaja is hier besig om d. volk (Juda) aan te spreek oor d. dwase voorneme om hulself te probeer red v.d. Assiriërs deur 'n geheime verbond met Egipte te sluit, met d. valse hoop (vs 15) dat d. golwende gesel hulle nie sal raak nie, dat hulle d. dood sal ontkom. As antwoord op hulle menslike (maar sondige) poging om langs dié weg hulleself te probeer red, sê Jesaja, kom die Here sê: „Kyk, Ek lê in Sion 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen wat vas gegrond is; hy wat glo sal nie haastig wees nie"

Hd. basis sin spreek dan vanmôre tot ons van

I Die Gees van Gejaag wat v.d. Mens Besit Neem
II Die Oorsaak v hd. Gejaag.
III Die Redmiddel teen hd. Gejaag.

I Die Gees van Gejaag: Hee goed ken ons nie ook hd gees nie. Tipies van ons tyd! Oral te bespeur. Die tegniese uitvindinge dit geweldig aangehelp. Alles rondom ons is woeling, alles jaag: motorkar-uitvinding, treine, foon, telegram. Op almal se lippe hoor ons die woordjie: GOU: gou dit doen – gou afkom hy, gou dié en dié sien!

Nog nie klaar nie; word reeds gesê dat ons een v.d. dae heelw. met enige persoon op enige plek in enige taal sal kan praat deur d. wonders v.d. elektronika. Iemand in Kaapstad sal 'n gehoor in Joh.bg toespreek terwyl almal hom sien. Die gees v.d. masjien het in ons bloed gekom: ons wil alles haastig doen, gou resultate sien, ons kinders se lewens opdruk deur hulle deur hulle jeugjare te jaag tot 'n hopelose vroeë volwassenheid!

Bots met alles: ① Bots met d. natuur — alles op bestemde tyd: son – seisoene – trekvoëls – bome en plante

② Bots met d. mensl. natuur

Gevolg. h/van?

① Bring spanning, gejaagdheid in d. lewe v.d. mens: nie sy huwelik – sy huis – sy werk – sy godsdiens

② Bring gevolgl. siekte & swakhd v.d. liggaam: neurose –

③ Om d. spanning te verlig gryp d. mens na drank, verdowingsmiddels, seksuele uitspattinge. Hiervoor hy weer tol moet betaal!

③ Lei tot opp. mensl. verhoudinge: geen tyd meer vir mekaar nie, kan nie meer rustig gesels nie, verder om ons siel te ontsluit. Dis net: goeie dag en goeie weg!

④ Ontneem d. mens sy vermoë en sy vreugde om te besin, te peins, te bid. Verloor d. geheim v gemeenskap met God "Een v.d. grootste vyande van 'n gesonde, kragtige geest. lewe is d. uitdrukking wat vasgevries is op d. mond v.d. moderne mens: Ik het geen tyd"!

II Die Oorsaak v. hd. Gejaag:

Nou kom d. vr.: Wr.vandaan is dit so? Waar kom hierd. ding v/daan? Ons uitvindinge? Ons tegniek?

Nee, sê d. Here, die fout lê nie by d. masjiene nie – dit lê by d. mens! Nie by dooie staal nie, nie by lewende siele! God sê: die oorsaak v.d. haas is geleë in een ding: ons glo nie! Want as ons glo, sal ons nie gedurig jaag en hardloop en rondspring en krampagtig tekere gaan nie! God sê: Die moeilikheid lê by d. mens se gees: Sodra d. mens nie meer glo nie, begin hy hardloop!

Is dit waar? Dat ons gehaas in nou verband staan met ons gebrek aan geloof? // Laat ons die vr. antw. deur te vra: Wat is geloof en wat bring geloof? //

① Geloof leer ons sien: vir alle dinge het God 'n bestemde tyd: bv. Leonardo da Vinci reeds sketse van vliegmasjiene gemaak maar tyd was nie ryp!

② Geloof leer ons God neem op sy Woord:

– Matt 5: –

– Slot v.d. Ons Vader

③ Geloof leer ons doen wat God wens:

Geloof > gehoorsaamheid

Groot geheim: nie glo, verlang om Gods wil te doen

## III Die Redmiddel teen hd. Gejaag:

① Jesaja kom op Gods bevel en sê: die enigste redmiddel ~~teen~~ vir spanning, twyfel, onsekerheid, angs is: die geloof. „Hy wat glo sal nie haastig wees nie" Teenoor Juda se krampagtige pogings om homself van sy ondergang te red kom God se magtige woord te staan. God wil die volk leer: wie waarlik glo, word magtig en tevrede, word kalm en stil omdat Hy weet: // God bestier alle dinge en as ek Sy wil bo alle dinge soek en doen is daar geen rede vir gejaagdheid, vir lawaai, vir spanning

② Die Here gaan nog verder: Hy gebruik hd. geleentheid om iets van d. sluier oor d. toekoms te lig om te wys op sy ewige Reddingsplan vir Israel en d. hele wêreld: Hy sê: „Kyk, Ek lê in Sion..." Voorspelling v. Xtus se koms, d. doel v. sy werk. Dis 500 j. voor die tyd. Dis asof God sê: Waarom is julle gespanne? Waarom val julle in koorsagtige haas rond om nou hier te gryp, dan daar? Verstaan julle dan nie? Begryp julle nie: God is heerser oor alles en almal en in sy ewige Raad stuur Hy Sy Seun ifd volheid v.d. tyd om Verlossing te bied aan sy volk? Dié Verlossing werk deur tot in ewigheid? Verstaan julle nie?

③ „Sal nie haastig wees nie": Mr voor ek sluit moet ek waarsku teen ernstige misverstand, verkeerde opvatting by baie oor die woorde: asof God nou alles doen — alleen hoef ons niks te doen!